HOOFSTUK 1

Die probleem en doel van die ondersoek

Liggaamlike Opvoeding is op die huidige stadium een van die weinige vakke op skool waar evaluasie nie op 'n georganiseerde basis geskied nie. Dit gee aanleiding daartoe dat die vak doelloos aangebied word. Van der Walt [1] stel dat: „Om Liggaamlike Opvoeding te wil doseer sonder dat geëvalueer word is om soos 'n blinde op 'n onbekende pad te beweeg".

Hierdie leemte is reeds ingesien deur die studiekomitee van die Transvaalse Onderwysdepartement, deurdat 'n ad hoc-komitee aangestel is om die saak te ondersoek [2].

'n Memorandum vir die instelling van 'n eenvormige evalueringstelsel vir Liggaamlike Opvoeding is deur Van der Walt [3] opgestel. Dit is een van die eerste

1) Van der Walt, T.S.P. Enkele inleidende lesings tot evaluasie in die Liggaamlike Opvoeding. Deel I. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1976. p. 2.
2) Putter, W.J. Professor Departement Liggaamlike Opvoedkunde P.U. vir C.H.O., Potchefstroom. Persoonlike Onderhoud.
3) Van der Walt, T.S.P. Memorandum vir die instelling van 'n eenvormige evalueringstelsel vir Liggaamlike Opvoeding. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1975.

pogings wat in Suid-Afrika aangewend is om 'n evalueringstelsel vir Liggaamlike Opvoeding daar te stel. Volgens hierdie stelsel sal die algemene motoriese vaardigheid van die seuns en dogters op 'n grafiek aangedui word met die inagneming van hul lengte en massa.

Die leerplan vir Liggaamlike Opvoeding vir dogters in die sekondêre skool bestaan uit 4 afdelings naamlik Sport en Spele (wat atletiek insluit), Gimnastiek, Swem en Dans. Op die huidige stadium word die dogter op geen wyse ten opsigte van enige een van bogenoemde afdelings eenvormig geëvalueer nie. Daar is dus nie 'n eenvormige maatstaf om die dogter se fisieke vermoëns te meet nie; geen metode om vordering te bepaal nie; geen manier om die onderrigmetodes en onderwysbekwaamheid van die onderwyser te evalueer nie en geen manier om die fisieke tekortkominge van elke leerling vas te stel nie.

Atletiek is 'n afdeling van die dogter se program in Liggaamlike Opvoeding wat hom maklik leen tot toetsing en meting. Verder tref mens in Atletiek die basiese vaardighede nl. hardloop, spring en gooi aan wat eie is aan verskeie ander sportsoorte.

Verskeie navorsers [4 - 8)] toon dat daar 'n noue verband is tussen persone se atletiekvaardigheid en hul

4) Wasserman, B. Beziehungen zwischen körperlichen Fähigkeiten und körperlich - sportlichen Fertigkeiten im Gerätturnen unter den Bedingungen eines zeitweilig akzentuiert betrieben Sportunterrichts. Theorie und Praxis der Körperkultur 24:4, 1976. p. 276.

5. Gropler, H. & Thies, G. Beziehung zwischen physischen Fähigkeiten bei jüngen Sportlern. Theorie und Praxis der Körperkultur 23:6,1974 p. 505.

6. Stakionene, V.P. Die körperliche Leistungsfähigkeit der Schüler der Litauischen S.S.B. Körpererziehung 17, 1967. p. 572.

7. Mieczkowski, T. & Chojnacki, T. Die Abhangigkeit sportlicher Ergebnisse von den motorischen Fähigkeiten der Schüler. Theorie und Praxis der Körperkultur 23:4, 1974 p. 532

8. Gropler, H. & Thiess, G. Zur einheitlichen Herausbildung von Fähigkeiten und Fertigkeiten im Prozess der Körperlichen Grundausbildung unter den Bedingungen der zeitweiligen Akzentuiering von Sportarten. Theorie und Praxis der Körperkultur 24:2, 1975, p. 125.

algemene motoriese vaardigheid. McCloy [9] maak die volgende bewering: „..... it has been shown that if skills in both team sports and track-and-field athletics are practiced to the point that the participants are nearing their maximum performances the r between total points for several track-and-field events and the rating of skills in major-sports abilities averages 0,80. Thus, track-and-field athletic events offer an interesting and a useful approach to the resting for general-athletic capacity". Hierdie „total points" vir atletiekvaardigheid word verkry deur spesifieke items (wat 'n hardloopitem, 'n verspringitem, 'n hoogspringitem en 'n gooi-item insluit) te toets, die prestasies na punte te verwerk deur middel van prestasieskale en die totaal te verkry. Hierdie punt dien dan as norm om die leerling se atletiekvaardigheid te bepaal. Tussen hierdie puntenorm in atletiek en sportvaardighede is daar 'n hoë korrelasie, met die gevolg dat die puntenorm 'n goeie aanduiding gee van algemene motoriese bekwaamheid. Dit blyk dus dat 'n puntenorm in atletiek, met geringe wysigings en byvoegings, gebruik kan word om die leerling se algemene motoriese bekwaamheid te bepaal.

Dit sou dus 'n bate wees indien die dogter in die sekondêre skool se vaardigheid in atletiekitems getoets

9) McCloy, C.H. & Young, N.D. Tests and measurements in Health and Physical Education; 3rd edition. New York, Appleton-Century-Crofts, 1954. p. 193.

kan word en sy dienooreenkomstig 'n punt kan verkry. Op hierdie wyse kan sy haarself evalueer, word tekortkominge ten opsigte van haar fisieke vermoëns ontdek en is die onderwyseres in staat om verslag te lewer oor die vermoëns van die dogter in atletiek (en ook in 'n mate - haar algemene motoriese bekwaamheid.)

Sodanige puntenorme in atletiek vir dogters ontbreek in Suid-Afrika. Ten opsigte van die seun is daar op Suid-Afrikaanse bodem al heelwat gedoen ten opsigte van die samestelling van prestasieskale (puntenorme) in atletiekitems [10 - 13]. Vir die dogter bestaan

10) Smith, D.P.J. Prestasieskale in aktiwiteite van die Liggaamlike Opvoedkunde vir jongelinge van 12 - 19 jaar. Ongepubliseerde navorsing. Potchefstroom. P.U. vir C.H.O., 1961.

11. Smith, D.P.J. Die samestelling van prestasieskale in die Atletiek vir studerende blanke jongelinge van 16 jaar en ouer. Proefskrif ter verkryging van D. Phil. -graad. Universiteit van Suid-Afrika. Potchefstroom, 1948.

12) Botha, H. & Potgieter, G. Atleet en afrigter. Johannesburg, Janssonius en Heyns, 1965. p. 259.

13) Postma, J.W. Ondersoek na die motoriese ontwikkeling van S.A. Blanke skoolkinders van 8 - 12 jaar deur die meting van die maksimale prestasie in sekere aktiwiteite. Annale van die Universiteit van Stellenbosch. Jaargang 28, reeks A, no. 2, 1952. p. 46.

daar slegs prestasieskale in enkele aktiwiteite eie aan atletiek soos 100 treë, hokkiebalgooi, gewigstoot [14], 100 meter, 300 meter [15], hoogspring, krieketbalgooi [16].

Vir die dogteratleet het die Buys-broers [17] uitgebreide skale in al die items wat op die S.A. Junior Atletiek Kampioenskappe aangebied word, saamgestel. Hierdie skale is egter net vir die topatleet bedoel en kan nie gebruik word vir die beoordeling van die gemiddelde dogter nie.

Daar bestaan 'n behoefte aan prestasieskale in verskillende atletiekitems vir die dogter in die sekondêre skool, om sodoende haar bekwaamheid volgens haar **leeftydsgroep** te bepaal. Sodanige skale sal slegs een deel van die program in Liggaamlike Opvoeding naamlik atletiek, dek. In Suid-Afrika lê die veld nog braak op die gebied van swem, gimnastiek, dans en

14) Van Zijl, H.C. Prestasieskale in enkele aktiwiteite van die Liggaamlike Opvoeding vir dogters van 11 tot 17 jaar. Verhandeling ter verkryging van M.A. -graad. P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1966.

15) Le Roux J.P. Motoriese ontwikkeling van en prestasiestandaarde vir dogters van 11 tot 16 jaar. Verhandeling ter verkryging van M.A. -graad. P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1970.

16) Postma, op cit. p. 46.

17) Buys, R. & Buys J. Prestasietabel. Pretoria, S.A. Sportstigting, 1973.

ander spel- en sportsoorte.

Om 'n dogter se werklike vaardigheid in atletiek te bepaal behoort sy in alle items getoets te word. Dit is egter onmoontlik in die alledaagse situasie weens gebrek aan beskikbare tyd. Die ideaal sou dus wees om 'n kort toetsreeks te gebruik wat as maatstaf kan dien vir die dogter se atletiekvaardigheid. Tot op die huidige stadium is daar nog nie 'n poging in ons land aangewend om so 'n toetsreeks in atletiek vir dogters saam te stel nie. Die Vyfkamp bestaan wel vir die dogteratleet, maar as atletiekvaardigheids-toets gaan die Vyfkamp mank aan verskeie gebreke. (Sien hoofstuk 2 bl. 24)

In oorsese lande [18-20] is daar al verskeie pogings aangewend om 'n toetsreeks in atletiek saam te stel.

18) Mc Gee, R. & Drews, F. Proficiency testing for Physical Education. Washington, A.A.H.P.E.R., 1974. p. 21.

19) Thies, G. Zür Leistungentwicklung in der Leichtatletik by den Kreisspartakiaden. Körpererziehung 19, 1969. p. 33.

20) Freistadt, L. Proficiency badges for all-round physical achievement. The regulations of 23 European countries, of Israel and of the Council of Europe with standard attainments and points scoring tables.
Wene, 1968.

Die toetsreeks is gewoonlik kort en bestaan uit 3 tot 5 items/afdelings. Dat daar dus in hierdie opsig 'n leemte ten opsigte van atletiek in Suid-Afrikaanse skole bestaan, is nie te betwyfel nie.

Sodanige toetsreeks en ook prestasieskale in atletiek kan met groot vrug op skool geïmplementeer word. In die eerste instansie kan dit in die Liggaamlike Opvoedingklas gebruik word en in die tweede instansie kan dit ten opsigte van die buitemuurse sportbedrywighede aangewend word.

Die voordele wat spruit uit die gebruik van die toetsreeks en/of prestasieskale in atletiek in Liggaamlike Opvoedingklas is die volgende:

1. Die toetsreeks stel die Liggaamlike Opvoeding onderwyseres in staat om 'n objektiewe punt aan elke dogter toe te ken vir haar vaardigheid in dié afdeling atletiek (Sport en spele) van die Liggaamlike Opvoeding leerplan. Met geringe wysigings en byvoegings bied hierdie toetsreeks ook die moontlikheid om die leerling se algemene motoriese bekwaamheid te bepaal. (Sien bl. 7.)
2. Deur middel van die prestasieskale is dit moontlik om tekortkominge in die dogter se atletiekvaardighede aan te toon. Volgens van der Walt [21] word

21) Van der Walt, T.S.P. Enkele inleidende lesings tot evaluasie in Liggaamlike Opvoedkunde. Deel I. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1976. p. 3.

dit nou in besondere gevalle moontlik om aan die ouer 'n verslag te voorsien en selfs te vra om toe te sien dat 'n betrokke leerling sy „huiswerk" doen ten einde een of ander tekort (swakpunt) te verbeter.

3. Deurdat daar prestasieskale in elke item vir elke leeftydsgroep opgestel word, stel dit die dogter in staat om haarself te evalueer[22]. Sy weet nou presies wat haar vermoë in daardie spesifieke item is, gemeet aan 'n standaard eie aan haar leeftydsgroep. Al sou 'n 12-jarige en 'n 14-jarige dogter albei dieselfde prestasie lewer deur 'n 100 meter in byvoorbeeld 15,0 sekondes te hardloop, sou die 12-jarige volgens die prestasieskale (wat opgestel is volgens die vermoëns van elke leeftydsgroep) persentasiegewys meer werd wees as die 14-jarige. Die dogter kan haarself dus evalueer nie net ten opsigte van haar eie groep nie, maar ook ten opsigte van ander leeftydsgroepe.
4. Deur middel van prestasieskale is dit moontlik om

22) Van der Walt, T.S.P. Memorandum vir die instelling van 'n eenvormige evalueringstelsel vir Liggaamlike Opvoeding. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1975. p. 2.

vordering duidelik en sinvol aan te dui [23 - 26]. Dit is vir 'n dogter meer verstaanbaar om te strewe na 80% in gewigstoot as na 'n 8,00 meter. Hiermee saam gaan die motiveringswaarde [27 - 28] wat prestasieskale inhou. 'n Verbetering van 80% na 85% is meer sinvol as 'n verbetering van 8,00 meter na 8,41 meter.

5. Prestasieskale stel die onderwyseres in die posisie om self evaluasie toe te pas [29]. Sy kan die doeltreffendheid van haar onderrigmetodes evalueer op grond van die wyse waarop die leerlinge die tegnieke van die verskillende items baasraak en dienooreenkomstig presteer (prestasieskale).

23) Ibid.

24) Mathews, D.K. Measurement in physical education; 4th edition. Philadelphia, W.B. Saunders Company, 1973. p. 14.

25) Le Roux, op cit. p. 67.

26) Smith, D.P.J. Die samestelling van prestasieskale in die atletiek vir studerende blanke jongelinge van 16 jaar en ouer. D. Phil -graad. Universiteit van Suid-Afrika, Potchefstroom, 1948. p. 48.

27) Ibid. p. 80.

28) Van der Walt T.S.P. Memorandum vir die instelling van 'n eenvormige evalueringstelsel vir Liggaamlike Opvoeding. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1975. p. 2.

29) Ibid. p. 2.

Die voordele wat spruit uit die gebruik van die prestasieskale ten opsigte van die buitemuurse sportbedrywighede is die volgende:

1. Kies van spanne. Wanneer die nuwe skooljaar begin, bestaan daar gewoonlik chaos ten opsigte van die atletiekbedrywighede. Kompetisie is op hande en die atlete vir die verskillende items is nog nie finaal gekies nie. Die onderwyser-afrigter kan dikwels nie tussen twee atlete wat aan verskillende items deelneem, besluit nie. Deur middel van prestasieskale kan 'n punt vir die prestasie in sy item aan elke atleet toegeken word en kan die onderwyser-afrigter op hierdie wyse die beste van die twee aanwys. Alhoewel daar ook ander faktore is wat in ag geneem moet word, kan dit 'n goeie aanduiding gee watter atleet vir die span gekies moet word.

   Van der Walt [30] meld dat die gradering van 'n leerling se vermoëns in die Liggaamlike Opvoedingklas, die buitemuurse sportafrigter kan help om potensiële deelnemers te vind. Dit geld nie net vir atletiek nie, maar ook vir ander sportsoorte. 'n Leerling wat 'n goeie punt vir krieketbalgooi in die Liggaamlike Opvoedingklas behaal, kan vir

30) Van der Walt, T.S.P. Enkele inleidende lesings tot evaluasie in die Liggaamlike Opvoedkunde. Deel I. Potchefstroom, P.U. vir C.H.O., 1976. p. 4.

die Sagtebalspan 'n bate wees as buiteveldspeler; terwyl die dogter wat 'n hoë punt in die 100 meter in die Liggaamlike Opvoedingklas behaal met die nodige afrigting die skool se nuwe naelloopkampioene kan word.

2. Die maak van toekennings. Die toekenning van kleure [31] in sport verskaf dikwels probleme op skool. Prestasieskale kan hier van groot hulp wees deurdat sekere standaarde bepaal word vir die toekenning van halfkleure en volkleure. Volgens Botha [32] is die toekenning van kleure vir die bereiking van sekere standaarde 'n stimulus wat tot beter prestasie aanleiding gee. Hy stel egter dat: „Die standaarde moet natuurlik vir die atleet bereikbaar wees". Dit is slegs moontlik as die standaarde nie lukraak bepaal word nie, maar as wetenskaplik opgestelde prestasieskale as maatstaf gebruik word.

Dit is gebruiklik om by sekere atletiekbyeenkomste die beste atleet van die byeenkoms aan te wys. Prestasieskale in atletiek kan 'n bydra daartoe lewer dat die toekenning op 'n regver-

31) Buys, op cit. Inleiding.
32) Botha, A. & Potgieter, G. Atleet en afrigter. Johannesburg, Janssonius & Heyns, 1965. p. 258.

dige basis geskied. Postma [33] meen dat prestasieskale ook van hulp kan wees vir die bepaling van byvoorbeeld die Victor Ludorum van 'n skool.

Dit blyk dus dat die samestelling van 'n toetsreeks en prestasieskale in atletiek van groot waarde vir die skoolwese kan wees. Die leemte wat bestaan as gevolg van die afwesigheid van sodanige toetsreeks en prestasieskale wil met hierdie navorsing gevul word.

Die doel van hierdie navorsing is dus tweërlei naamlik:

1. Om 'n kort toetsreeks in atletiek saam te stel wat gebruik kan word om dogters van 13 tot 18 jaar se vaardigheid in atletiek te bepaal;
2. Om prestasieskale vir elke leeftydsgroep van 12 tot 18 jaar in die volgende items saam te stel: hoogspring, verspring, 50 meter, 100 meter, 150 meter, 200 meter, 400 meter, 800 meter, 1500 meter, 1000 meter stap, 70 meter hekkies, 75 meter hekkies, 80 meter hekkies, gewigstoot met 4 Kg. gewig, gewigstoot met 2,72 Kg. gewig, skyfwerp, spiesgooi en krieketbalgooi.

33) Postma, J.W. Inleiding tot die Liggaamlike Opvoedkunde. Kaapstad, A.A. Balkema, 1965. p. 309.